**<u>El Roi :  STOP … en SIEN dat GOD SIEN</u>**

Hagar het in haar waterput-oomblik in die woestyn gestop –

…ophou vlug –

…en vir GOD GESIEN.

**Soms moet ek God sien in my omstandighede …**

**…en soms moet ek God in my omstandighede sien.**

Hagar moes **God sien in haar omstandighede.**

Iets wat vir my uitstaan in haar verhaal in Gen.16:13 : Sy sê nie net God se naam is El Roi nie - sy sê ook Ek het HOM gesien.

Hy het my gesien – en ek het Hom terug gesien.

Gen.16:13 (NIV) "She gave this name to the LORD who spoke to her, 'You are the God who sees me,' for she said**, 'I have now seen the ONE who sees me.'**"

Hy is die God wat sien – Hy sien nog die hele tyd – dis asof Hagar se oë in daardie oomblik oopgaan toe die Engel haar daar by die put in die woestyn kry – en toe sien sy Hom – en sy sien dat Hy sien… want dis wie Hy is : El Roi, die God wat sien.

In my praktyk kombineer ek Christelike waarhede met Neuro-wetenskap.

Dis interessant om te weet dat een van die dinge wat in 'n mens se liggaam gebeur wanneer jy bang of benoud is, is dat die pupille van jou oë vergroot. Jou oë ontwikkel tonnelvisie en jy verloor jou periferale visie.

Tonnelvisie beteken jy fokus net op die gevaar voor jou.

Periferale visie is jou vermoë om dinge raak te sien waarna jy nie direk kyk nie. (Bv. uit die hoek van jou oog.)

Wat in ons liggaam gebeur, speel ook in jou emosionele belewenis en geestelike ervaring uit – as ek fokus op die probleem voor my, verloor ek my vermoë om iets anders as die probleem raak te sien.

**As ek fokus op die probleem voor my,**

**verloor ek my vermoë om iets anders as die probleem raak te sien**

Soms voel ons omstandighede en probleme vir ons oorweldigend. God sien ons, maar ons verloor die vermoë om te sien dat Hy sien, omdat ons op die probleem fokus.

Hagar het gesê Hy is El Roi – Hy is die God wat sien.

Sy het ook gesê: **"I have now seen the One who sees me."**

**Hagar SIEN DAT GOD SIEN … Hagar sien GOD**

Jy voel dalk vandag of jy in 'n woestyn is en of niemand sien nie.

Hy IS EL ROI – HY IS DIE EEN WAT SIEN

Sien jy dat Hy sien?

Hagar se woorde (Amplified Bible , Classic Edition) :

Gen.16:13

"Have I [not] even here [in the wilderness] looked upon Him who sees me [and lived]?

Or have I here also seen [the future purpose or designs of] Him who sees me?"

HY IS EL ROI - DIE GOD WAT SIEN

HY SIEN JOU!

SIEN HOM… SIEN DAT HY SIEN

SIEN DIE 'FUTURE PURPOSE OR DESIGNS' VAN JOU LEWE!

Skryf LIG!